

## Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHWH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*

### Parashah 34: B'midbar (במדבר) – In Die Wildernis

*יהוה* het met Moshe gepraat in die wildernis van Sinai, in die Tent van Ontmoeting, op die eerste dag van die tweede maand, in die tweede jaar nadat hulle uit Egipte uitgetrek het en gesê: Num. 1:1 – PWL<sup>1</sup>

#### **Torah: Num. 1:1 tot 4:20.**

- ❖ Agtergrond Tot Numerie
- ❖ Num. 1:1 – 'n Wildernis-ervaring.
- ❖ Num. 1:2 – YHWH Se Geteldes.
- ❖ Num. 1:3 tot 46 – YHWH Se Weermag.
- ❖ Num. 1:47 tot 54 – Die Leviëte.
- ❖ Num. 2:1 tot 34 – YHWH Is 'n God Van Orde.

**Haftorah:** Hosea 1:10 tot 2:22 – Nie Meer Volk Nie, Maar Kind!

**Hernieude Verbond:** Luk. 22:30; 1 Pet. 2:9; Open. 4:1 tot 11; Open. 7:1 tot 8; Open. 21:12; Luk. 22:26; 1 Tim. 3:1 tot 7; Titus 1:5 tot 9.

*Theologians today are mostly concerned with protecting what little we have left rather than fighting to regain all that we have lost – King*

<sup>1</sup> PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)

*It's time to say goodbye to this watered-down, sin-excusing, so-called gospel that offers everything and calls for nothing – Unknown.*

## **Midrash (Torah Bespreking)**

### **Agtergrond tot Numerie**

Die Griekse vertalers van die Tanakh (die Septuagint) het in die tweede eeu voor Messias die naam Numeri (geteldes, getalle) aan die vierde boek van die Torah gegee op grond van die sensusopname in hoofstukke 1 en 26. Die korrekte en oorspronklike Hebreeuse naam is egter *B'midbar* wat *in die wildernis* (*woestyn*) beteken. Hierdie naam is meer toepaslik aangesien dit 'n beskrywing is van die bykans 38 jaar wat Israel in die woestyn geswerf het, vanaf die berg Sinai tot by die vlaktes van Moab op die grens na Kanaän.

Daarom kan Num. 9:17 as een van die sleutelverse van hierdie boek beskou word:

*Wanneer die wolk van bo die tent af opgelig word, het die kinders van Yisra'el weggetrek en op die plek waar die wolk stilstaan, daar het die kinders van Yisra'el kamp opgeslaan (PWL).*

Gedurende hierdie swerftog gaan hulle leer om YHWH vir alles en in alles te vertrou. Hulle gaan leer dat Hy gewillig en instaat is om in al hulle behoeftes te voorsien. Alle weerstand teen Vader-God se Wil gaan met gehoorsaamheid vervang moet word alvorens hulle as ware bevrydes die Beloofde Land sal kan ingaan. Hierdie swerftog is 'n les in die mislukkings (nederlae) en suksesse (oorwinnings) in Israel se wandel saam met YHVH.

Die inhoud van Numerie kan kortliks soos volg opgesom word: Israel het van Sinai af weggetrek en by Kades aangekom waar die verkenners slegte gerugte oor die Beloofde Land onder die volk versprei het met die gevolg dat Israel nie Kanaän wou binne gaan nie. Die gevolg hiervan was dat Israel vir 38 jaar in die wildernis sou swerf. In hierdie tyd het die ouer geslag gesterwe en sou die nuwe geslag Kanaän binnegaan.

Die inhoud van hierdie boek kan ook in twee verdeel word:

1. Num. 1:1 tot 10:10 – Onderrig en instruksies terwyl Israel nog by Sinai kampeer.
2. Num. 10:11 tot 36:13 – Israel se swerftog in die wildernis wat ook soos volg verdeel kan word:
  - ❖ Num. 10:11 tot 25:18 – die tydperk in die wildernes terwyl die ouer geslag uitsterf.
  - ❖ Num. 26:1 tot 36:13 – die voorbereiding van die nageslag om die beloofde land in besit te neem.

*B'midbar* beklemtoon weereens YHVH se opperheerskappy en die feit dat Hy 'n getroue Verbondsgod is. YHVH is getrou aan Israel op grond van die verbond met Abraham (Gen. 15:18 tot 20; Gen. 50:24; Num. 32:11).

Baie van YHVH se onderrig en instruksies in Numerie is soortgelyk as die van Exodus, Levitikus en Deuteronomium. Numerie vertel egter van die murmuringe en rebellie van Israel en van God se gevolglike oordeel. Die volk wat YHVH uit Egipte bevry het, 'n

verbond by Sinai mee gesluit het, en wat vir sowat 'n jaar onderrig in YHVH se Torah ontvang het, asook die praktiese toepassing daarvan by wyse van die tabernakel, het nie met vertrou, dankbaarheid en gehoorsaamheid gereageer nie, maar wel met wantroue (ongeloof), ondankbaarheid en rebellie. Die hoogtepunt van hulle rebellie en wantroue was toe hulle geweier het om Kanaän in besit te neem (hoofstuk 14). Die gevolg was dat YHVH die geslag wat Hy van die Egiptiese slawejuk bevry het se reg om die beloofde land in te gaan, ontnem het. Joshua en Kaleb was die enigste uitsondering. Die nageslag van die wat uit Egipte bevry was, het onder die leierskap van Joshua Kanaän in besit geneem.

Die boek van Numerie begin met die vorming van 'n militêre gevegseenheid om Israel op sy tog na Kanaän te beskerm en om die Beloofde Land in besit te neem. Israel verlaat Sinai as 'n militêre mag met YHVH self as 'Bevelvoerder' en met die opdrag om YHVH se koninkryk in Kanaän te gaan vestig! Die gebeure van Numerie neem 'n aanvang sowat dertien maande nadat die uittog uit Egipte begin het. Dit beteken Israel het so pas die eerste Pesag in die wildernis gedenk! Die slawerny in Egipte en YHVH se reddende genade was nog vars in hulle geheue.

Die gebeure soos in Numerie beskryf word, is steeds vandag op ons van toepassing. Dit bevestig dat YHVH 'n koninklike priesterdom vir Hom afgesonder (geheilig) het om Sy Koninkryk hier op aarde te vestig. Israel van ouds is die sinnebeeld daarvan en Kanaän is die vyand (Satan) se grondgebied wat verower moet word!

Numerie dien ook as waarskuwing dat YHVH ook 'n God van oordeel is wat selfs Sy eie volk sal oordeel en straf vir wantroue, ongehoorsaamheid en rebellie!

Soos ons die boek van Numerie bestudeer moet ons die woorde van Paulus in 1 Kor. 10:1 tot 14 onthou, veral vers 11:

*Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.*

In Hebr. 4:1 tot 13 word ons daaraan herinner dat ons ook soos Israel van ouds die evangelie en die beloftes gehoor het, en daarom moet on nie soos hulle ook in wantroue en ongehoorsaamheid verval nie!

Numerie is ook 'n herinnering en bevestiging dat YHVH Yeshua ons voorsiener in al ons behoeftes van gees, siel en liggaam is. Selfs die sekulêre profeet Bileam het geprofeteer van die Messias wat soos 'n ster uit Jakob te voorskyn sal kom (Num. 24:17). In Numerie is ook die getuienis dat Yeshua alleen die ware lewe gee:

*En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.*  
Joh. 3:14 en 15 (Num. 21:9)

Soos Israel van ouds drink ons ook almal vandag uit die geestelike rots, naamlik Yeshua die Messias (1 Kor. 10:4; Num 20:8).

Ons is elkeen ook besig met ons eie wildernistog. Laat ons uit die geskiedenis van Israel leer om nie ook dieselfde foute te begaan nie!! Laat ons in gehoorsaamheid en vertrou die tog na die Beloofde Land onderneem.

## Bepeins of Bespreek

1. Ware vryheid is nie om te doen wat jy wil doen nie, maar om te doen wat YHVH wil hê jy moet doen. Ons vryheid begin in Yeshua deur vergifnis van ons sonde en versoening met YHVH. Dit is die waarheid wat ons glo en doen, naamlik die woord van YHVH (Joh. 17:17), wat ons vry maak (Joh. 8:32). Maar is ons waarlik vry as daar nog bindinge in ons lewens is? Sommige bindinge is nie noodwendig sonde nie, byvoorbeeld depressie, vrees, kalmeermedikasie, gebrek aan selfdisipline, ensovoorts wat 'n houvas op ons lewens het en ons van ware vryheid beroof. Hierdie bindinge is soos die 'reuse' van die Beloofde Land en weerhou ons om die Land van ware vryheid in besit te neem!
2. Maar tog, in die lig van bogenoemde, moet ons vra: Is ons wantroue in YHVH se vermoë om ons waarlik te bevry van bindinge nie ook soortgelyk aan die sonde van Israel wat die tien verkenners geglo het en nie vir YHVH nie?

### Num. 1:1 – 'n Wildernis-Ervaring

*יהוה het met Moshe gepraat in die wildernis van Sinai....* Num 1:1 (PWL)

'n Wildernis kan ook gesien word as 'n toevlugsoord en 'n plek van voorsiening en openbaring. Dit is wat die wildernis (woestyn) van Sinai aanvanklik vir Israel beteken het. YHVH het hulle uit Egipte bevry en hulle in die wildernis 'laat skuil' waar Hy vir hulle gesorg het en Homself aan hulle openbaar het. Aanvanklik het Israel dit as 'n 'wittebrood' ervaar.

Die bedoeling was om Israel eers in die wildernis af te sonder en dat YHVH Homself aan hulle kan openbaar en leer hoe om in die Beloofde Land as bevrydes volgens Torah te lewe. Die wildernis is die plek waar Israel moes leer om YHVH te vertrou en leer om gehoorsaam te wees.

*“Gaan en verkondig in die ore van die mense van Yerushalayim en sê: ‘So sê יהוה: “Ek onthou aangaande jou die toewyding van jou jeug, die liefde van jou uithou, hoe jy in die woestyn, deur 'n onbesaaide land, agter My aan geloop het. Yisra'el is die eersteling van Sy oes, afgesonder vir יהוה. Almal wat daarvan vernietig, sal veroordeel word; boosheid sal oor hulle kom,” verklaar יהוה.”* Jer. 2:2 – PWL.

Miskien omdat die Wildernis juis so 'n sterk kontras vorm met die idilliese Tuin van Eden, word dit die Plek van Openbaring. Die verlatenheid en leegheid reflekteer die effek van sonde op ons siele – 'n geestelike droogheid en verlatenheid met geen vrug nie. 'n Wildernis-ervaring wek dikwels 'n honger na die Woord van YHVH (Amos 8:11). Dit word dikwels die plek waar geestelike ore geopen word.

Omdat daar geen of min basiese benodighede in die wildernis voorkom, kon YHWH dit juis gebruik om Sy bereidwilligheid om in al hul behoeftes te voorsien, demonstreer. Deur hulle daaglik met manna te voed, is hulle beproef en geleer om afhanklik van YHVH te wees. Verwys Deut. 8:16; Joh. 6:32.

YHVH wil hê dat ons ons wildernis-ervaring moet onthou en daarom het Hy *Sukkot* (die fees van tabernakels) ingestel. Hierdie fees word gehou na die laaste insameling van die oes wanneer die landbouer so maklik kon dink: *my krag en die sterkte van my hand het vir my*

*hierdie rykdom verwerwe* (Deut. 8:17). Daarom is Deuteronomium hoofstuk 8 ‘n herinnering aan YHVH se genade en weldade. Dit is Hy wat ons die krag gee om rykdom te verwerwe (Deut. 8:17). Ons moet nooit vergeet dat YHVH die een is wat ons uit ons ‘Egipte’ bevry het en ons na die wildernis geneem het om ons daar by Hom te laat skuil terwyl Hy ons versorg en onderrig.

Die woorde in Lev. 27:34, naamlik *dit is die gebooie*, en die woorde in Num. 1:1, naamlik *in die wildernis Sinai*, word naas mekaar gestel. Dit verwys na die gesindheid wat ons moet openbaar, naamlik om onself soos ‘n wildernis oop te maak en vry te wees om die Torah – YHVH se onderrig, instruksies en wysheid – te ontvang. Ons moet in nederigheid YHVH se Torah ontvang en bereid wees om soos ‘n koringkorrel te sterf sodat ons veel vrug kan dra. Ons meester, Yeshua, het gesê:

*Waarlik, Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos kinders word nie, sal julle nie in die Koninkryk van die hemel ingaan nie!* Matt. 18:3 – PWL.

*Dit is ‘n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: as die graankorrel nie in die grond val en doodgaan nie, bly dit alleen, maar as dit doodgaan, dra dit baie vrug. Wie sy lewe liefhet, sal dit vernietig, maar wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe.* Joh. 12:24 en 25 – PWL.

Ons moet ‘n leerbare gees hê en dit vereis nederigheid. Ons moet die gesindheid van die Bereane hê:

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is.* Hand. 17:11.

Volgens Judaïsme is die Torah op die berg Sinai gegee omrede dit die laagste van die berge is en dus verwys na die nederiges wat wysheid sal ontvang. Die hoogmoediges is so vol van hulself dat hul nie plek het vir enige iets anders nie.

Tydens ons wildernistog loop ons ook dikwels, soos Paulus, met ‘n doring in die vlees. Dan moet ons die woorde van Paulus ter harte neem toe hy gesê het:

*‘n Doring is vir my in die vlees gegee sodat ek nie grootkop sou kry oor die uitermatige grootheid van die openbaringe nie, ‘n boodskapper van die teëstander, om my met die vuur te slaan sodat ek nie grootkop sou kry nie. Hieroor het ek drie maal van my Meester gevra om dit van my weg te vat en Hy het vir my gesê: “My onverdiende guns is vir jou genoeg, want my wonderwerkende krag word in swakheid volmaak gemaak.” Ek sal daarom met blydschap in my swakhede roem sodat die krag van Die Gesalfde Een op my kan rus. As gevolg hiervan verbly ek my in lyding, in beledigings, in beproewings, in vervolginge en in gevangenskap om die persoon van Die Gesalfde Een se onthalwe, want as ek swak is, dan is ek sterk.* 2 Kor. 12:7 tot 10 – PWL.

*God, who foresaw your tribulation, has specially armed you to go through it, not without pain but without stain* – C.S. Lewis

## **Bepeins of Bespreek**

1. Ons almal het persoonlik ondervinding van ‘n wildernis-ervaring. Was dit noorwendig ‘n negatief of was dit die plek waar Vader-God jou beskerm het, vir jou gesorg het en

Homself aan jou openbaar het? Hoeveel het jou wildernis-ervaring bygedra om jou by die geestelike vlak te bring waar jy huidig is?

2. Hoe kon Israel wat eerstehands die almag en liefde van YHVH ervaar het steeds murmereer en ongehoorsaam gewees het? Is dit nie omrede Torah op kliptafels geskryf was en nog nie op die tafels van hulle harte nie?? Vergelyk *Shavuot* by Sinai met *Shavuot* in Jerusalem. Het ons nie almal YHVH se liefde, almag, beskerming, voorsiening, ens. al ervaar nie? En tog kan ons so maklik murmureer!!

### **Num. 1:2 – YHVH se Geteldes.**

*Tel die koppe van die hele vergadering van die kinders van Yisra'el volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, na die getal name, almal wat manlik is, kop vir kop (PWL)*

In Levitikus 27 lees ons ondermeer dat die veekuddes van Israel getel moes word ten einde die gee van tiendes te kan bereken. Die boek Numerie begin met die tel van YHVH se volk. Soos die herders tel YHVH ook Sy 'kudde'. Hy is die Getroue Herder *en ons is die volk van Sy weide en die skape van Sy hand* (Ps. 95:7).

*Hy sal sy kudde laat wei soos 'n herder; Hy sal die lammers in sy arm vergader en aan sy bors dra; die lammerooie sal Hy saggies lei. Jes. 40:11*

As YHVH se volk, en as die skape van Sy weide, moet ons Hom erken as YHVH-God (Ps. 100:3). Dit is om op elke moontlike wyse erkenning te gee dat YHVH die Oppergesag is wat as Almagtige, Alwetende en Allomteenwoordige God alleen in beheer is. Dit is om Hom te erken as die God van die verbond – die Een wat liefde is, maar wat ook elkeen sal oordeel wat nie met Hom versoen is deur vertroue in Yeshua en wat nie in gehoorsaamheid aan Sy onderrig en instruksies lewe nie!

Yeshua is YHVH se vleesgeworde Herder (Matt. 2:6; Heb. 13:20). Yeshua het gekom as Herder onder Sy verspreide (verlore) skape (Eseg. 34:12). Hy het gekom om 'n folterdood te sterf sodat elkeen wat Hom as Herder aanneem gered kan word (Joh. 10:11). As Goeie Herder ken Hy nie net Sy eie nie, maar sal Hy deur Sy eie geken word (Joh. 10:14). Sy skape ken sy stem (Joh. 10:3 tot 5), want Hy het gekom om hulle te red uit die plekke waarheen hulle verstrooi is.

Elkeen wat 'n persoonlike getuienis het van Yeshua as Herder (Ps. 23:1) en na die stem van die Herder luister, is onder die geteldes van YHVH. Ons was almal soos dwalende skape, maar het nou teruggekeer na die Herder en Opsier van ons siele (1 Pet. 2:25) om getel te word.

Die opdrag aan Moses en Aäron om die sensus *kop vir kop* (*hoof vir hoof* volgens die ou vertaling) te doen, verwys na die feit dat dit nie net gegaan het oor getalle nie, maar oor elke individu afsonderlik. Elke individu het van aangesig tot aangesig voor Moses en Aäron verskyn. Dit openbaar die Vaderhart, naamlik: Ons is meer as net 'n nommer ('n getal)!! Ons verskyn ook as individue voor die Vader wanneer Hy ons in Sy 'weermag' opneem.

Elke individu in Israel van ouds het 'n identiteit en rol in die samelewing gehad. Dieselfde geld steeds vandag vir YHVH se volk. Hierdie identiteit en rol is dalk nie vir ander belangrik nie, maar in Yeshua is dit vir YHVH 'n prioriteit.

Die eerste woorde in Num. 1:2: *Tel die koppe* of *Neem julle die volle getal* het ook 'n letterlike betekenis van: *Tel die koppe op*. Dit beteken dat YHVH nie belangstel in die getalle van Israel nie, want dit weet Hy, maar om hulle letterlik op te lig na 'n hoër vlak van vertrouwe in Sy beloftes en voorsiening.

In Num. 1:46 lees ons dat al die geteldes was 603 550 en is bevestiging van die belofte aan Abraham dat sy nageslag soos die sterre aan die hemel sal wees. Israel se getalle het van 70 wat in Egipte aangekom het, toegeneem tot meer as 600 000. In Num. 26:51 is daar weer 'n sensusopname gedoen en die geteldes was op daardie tydstip 601 730, ten spyte daarvan dat 'n hele geslag in 40 jaar uitgewis was. Die belofte aan Abraham word steeds vandag bewaarheid, want ten spyte van al die pogings om die Jode (Israel) uit te wis, is daar steeds sowat 14 miljoen Jode in die wêreld, waarvan meer as 6 miljoen in Israel woon.

Deur die eeue was Israel se weermag altyd getalle-gewys die minderheid, maar tog het hulle telkens die vyand oorwin. Hierdie dien as 'n les en waarskuwing vir die lande wat Israel wil uitwis!!!

### **Bepeins of Bespreek**

1. Hoe erken ons die stem van die Herder? Is dit die stem van Yeshua wat vir ons sê dat ons vry van die wet is, of is dit die stem van die slegte herder wat die skape in die steek laat deur 'n evangelie van vry van die wet te verkondig (Sag. 11:17)? Onthou: Die evangelie wat aan ons verkondig is, is dieselfde evangelie as wat aan Israel verkondig was (Heb. 4:2). Hierdie evangelie is Torah gefundeer en wys na die saligheid (redding) deur geloof in Messias Yeshua (2 Tim. 3:14 en 15). Daarom: Die wet (Torah) en genade kan nie geskei word nie!!
2. Was hierdie sensusopname nie moontlik 'n tipe van 'inhuldigingseremonie' nie – 'n tipe van wydingermonie (ordinering) as geskik vir dienswerk? Ondergaan ons nie iets soortgelyks by wedergeboorte en vulling met die Afgesonderde Gees nie? Is dit nie die oomblik wat ons voor YHVH staan om getel te word en ingehuldig (toegewy) te word nie?
3. Die Hebreeuse woord vir kop (hoof) in Lev. 1:2 is *gulgolet* en beteken *skedel (kopbeen)* en beteken dus letterlik om die *koppe te tel*. Die plek waar Yeshua gekruisig was, is ook bekend as die Plek van die Hoofskedel (Golgota – Matt. 27:33; Mark. 15:22; Joh. 19:17) en is afgelei van die woord *gulgolet* of van die Aramees *Gulgulta*. Is hierdie 'n toevalligheid? Is Gulgota nie die plek waar YHVH begin het om 'n sensusopname van Sy volk van die hernieude verbond te doen nie?
  - Dink daaraan: Selfs die hare op ons hoof is getel (Luk. 12:7). Ons Vader gee werklik om vir Sy kinders!!!
4. Is die probleem met sommige geestelike leiers nie juis dat die lidmate net 'n nommer is nie – 'n inkomste nommer?

### **Num. 1:3 tot 46 – YHVH se Weermag.**

Die doel van die sensusopname was om Israel in 'n gedugte weermag te organiseer. Almal wat op kommando moet uittrek was getel (Num. 1:3). Hoewel YHVH die land Kanaän aan Abraham en sy nageslag belowe het, sou die inwoners weerstand bied en sou Israel dit nie

sonder 'n goed georganiseerde weermag kon verower nie. Israel moes offensief optree en nie defensief nie!!

Israel het dus vooraf geweet dat hulle in oorloë betrokke gaan wees. Net so moet ons ook beseft dat ons as koninklike priesterdom en afgesonderde volk ook in 'n worstelstryd betrokke is (Ef. 6:12). Ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar 'n geestelike 'oorlog' teen Satan en sy magte, teen die wêreldgesindheid en ons eie vleeslike begeertes. Verwys Luk. 9:1; 10:19; 2 Kor. 10:3 tot 6; Efes. 6:10 tot 18; Jak. 4:7; 1 Joh. 2:14; Open. 12:11.

Volgens 2 Kor. 10:3 tot 6 is ons taak ondermeer om die planne van die vyand te verbreek en elke skans wat opgerig word teen die kennis van God af te breek en elke gedagte gevange te neem, asook om ons gereed te hou om elke ongehoorsaamheid te straf wanneer ons eie gehoorsaamheid volkome geword het. Hierdie planne wat gemaak word, en hierdie skanse wat opgerig word, moet ook gesien word as die planne en skanse teen die wet (die Torah) van YHWH. Dit is hierdie planne en skanse wat die mense verhinder om Vader-God werklik te kan ken en YHWH se geregtigheid van geloof in Yeshua as Messias en gehoorsaamheid aan Torah te soek.

Ons moet ook ons eie gedagtes gevange neem en dit tot gehoorsaamheid aan Yeshua (die vleesgeworde Torah) onderwerp.

### **Bepins of Bespreek**

1. Is ons geloofsluwe nie meestal defensief (verdigend) nie? Moet ons nie offensief (aanvallend) optree nie of wag ons vir iemand anders om namens ons die vyand te oorwin en die 'Beloofde Land' in besit te neem? In plaas van soldaat is ons optrede dikwels soos die van terroriste, want ons doen onself voor as een van die 'vyand' en gaan dan oor tot die aanval. Is dit verkeerd?
2. Het geestelike oorlogvoering enige nut indien Torah-ongehoorsaamheid die kern van die probleem is?

### **Num. 1:47 tot 54 – Die Leviete**

Die Leviete het, weens hulle getrouheid tydens die goue kalf gebeure, 'n uitgesoekte plek in Israel se samelewing ingeneem. Vir hulle ywer om Israel teen afgodery te beskerm, het YHWH hulle die verantwoordelikheid vir die versorging van die tabernakel gegee. Van die hele Israel was die Leviete die naaste aan YHWH se Gemanifesteerde Teenwoordigheid.

Daarom is die Leviete ook afsonderlik getel (Num. 3:15). Almal wat manlik is, van 'n maand oud en en ouer is getel. Die rede hiervoor is dat die voorbereiding en onderrig om as Leviet dienswerk te verrig op 'n jong ouderdom reeds begin het. Die getal van die Leviete was 22 500, hoewel slegs diegene tussen die ouderdom van 30 en 50 dienswerk mag verrig het, 'n getal van 8 580 (Num. 4:48).

Die Leviete het beide die volk en YHWH verteenwoordig en daarom het hulle ook die taak gehad om die volk in Torah te onderrig. Hulle was die geestelike leiers (Num. 3:5 tot 13).

Hoewel YHWH hulle op hierdie besondere wyse vir hulle getrouheid vereer het, het dit nie gepaard gegaan met materiële vergoeding nie. Hulle het geen grondgebied ontvang nie en kon dus nie rykdom op dié wyse verwerwe nie. Die Leviete is volgens hulle bloedlyn



(geslagte; 'sonder hulle eie keuse') aangestel vir hierdie taak, maar het weinig materiële vergoeding ontvang.

Numeri 4 beskryf die diens van die Leviëte en hoe die tabernakel en al die toebehore met algehele eerbied (heilige ontsag) hanteer moes word. Dit is vir ons 'n heenwysing van hoe ons in die teenwoordigheid van die Vader moet optree en van hoe ons alle aspekte van die dinge van ons Vader moet hanteer.

Die Kehatiëte was verantwoordelik vir die dra van die verbondsark, tafel met toonbrode, die menorah en die reukoffer- en brandoffer altaar (Num. 4:1 tot 17). Die Gersoniëte was verantwoordelik om die bedekkinge van die tent te dra (Num. 4:22 tot 28). Die seuns van Merari was verantwoordelik vir die dra van die style, dwarshoute, pilare, voetstukke en penne van die tabernakel (Num. 3:29 tot 33).

Volgens die bevel van YHVH is hulle aangewys, elkeen vir sy diens en sy drawerk (Num. 4:49)

### **Bepeins of Bespreek**

1. Is jy bereid om materiële gewin prys te gee om werklik naby die afgesonderde (heilige) dinge van Vader-God te leef? Lees Matt. 20:26 en 23:11 in die verband.
2. Gaan jy na enige materiële dinge verlang indien jy daaglik in YHVH se Gemanifesteerde Teenwoordigheid staan? Gaan jy bekommerd wees of daar in al jou behoeftes voorsien gaan word?
3. Verwysend na die Leviëte is die vraag hoe dit met hedendaagse geestelike leiers van tradisionele kerke vergelyk? Leer hulle die volk (gemeente) Torah-gehoorsaamheid? Vergelyk Luk. 22:26; 1 Tim. 3:1 tot 7; Titus 1:5 tot 9.
4. Het ons nie ook die verantwoordelikheid van die Leviëte nie, veral in die lig van Matt. 28:19? Om dissipels te maak is om 'n dienaar te wees (verteenwoordig die nasies voor YHVH) en om hulle te leer is om YHVH by die nasies te verteenwoordig.
5. Die aardse tabernakel is 'n weergawe van die hemelse tabernakel (Heb. 9:11). In die verbondsark van die hemelse tabernakel is dus die tien gebooie. Het YHVH dit uitgehaal en die shabbatsgebod na Yeshua se dood en opstanding geskrap en vervang met Sondagaanbidding?
6. Die Torah-boekrol word in sinagoges in 'n houer bekend as 'die ark' (verbondsark) bewaar en bokant dit is geskryf: *Weet voor wie jy staan!* Besef ons aldag voor wie ons staan?

### **Num. 2:1 tot 34 – YHVH is 'n God van Orde**

יהוה *het met Moshe en Aharon gepraat en gesê: "Die seuns van Yisra'el moet kamp opslaan, elkeen by sy eie banier, langs die embleem van hulle vaders se huise; op 'n afstand, rondom die Tent van Ontmoeting, moet hulle kamp opslaan.* Num. 2:1 en 2 – PWL.

Daar waar Israel kamp opgeslaan het, was die tabernakel altyd in die middel met die twaalf stamme van Israel in 'n bepaalde volgorde rondom die tabernakel. YHVH het dus letterlik in die midde van sy volk gewoon (Joh. 1:14).

In Numeri 2 word YHVH se bevel aangaande die kamporde uiteengesit:

Die stam van Juda was aan die Oostekant direk voor die ingang van die tabernakel. Hulle familieteken was 'n goue leeu op 'n rooi agtergrond. Yeshua het gekom uit die stam van Juda en is ondermeer bekend as die Leeu van Juda. Hierdie is dus 'n afbeelding en heenwysing na Yeshua Messias as die Koning van alle konings. Die feit dat Juda ook voor die ingang na die tabernakel gekampeer het, verwys ook na Yeshua as die deur (die weg) na die waarheid wat lewe gee (Joh. 10:9 en 14:6). Die stamme van Issaskar en Sebulon het ook aan die Oostekant kamp opgeslaan. Judaïsme verduidelik dit ondermeer soos volg:

*God patterned the formations of Israel after that of his own heavenly throne of glory: The throne is in the center and is surrounded by four animals, as it were. On earth, the Tabernacle represents the throne, surrounded by the four formations. Judah, as the leader of the tribes, was assigned to the east, the direction from which light comes to the world. With him were Issachar, the tribe of Torah, and Zebulun, the tribe of wealth. Thus the finest combination is leadership coupled with sanctity of Torah study and those who extend themselves to support Torah scholars (The ArtScroll Stone Edition Chumash p. 733). Verwys Open. 4:1 tot 11, veral vers 6.*

Aan die suidekant van die tabernakel het die stamme van Ruben, Simeon en Gad gekamp. Die vaandel van die stam van Ruben was 'n man op 'n goue agtergrond. Hierdie is 'n afbeelding van Yeshua as volmaakte mens.

Aan die westekant het die stamme van Efraim, Manasse en Benjamin gekampeer. Die vaandel van Efraim het 'n swart os op 'n goue agtergrond uitgebeeld. Hierdie is 'n afbeelding van Yeshua as dienskneg; die een wat gekom het om te dien en nie gedien te word nie.

Die stamme van Dan, Aser en Naftali het aan die Noordekant van die tabernakel gekampeer. Die vaandel van die stam van Dan het 'n goue arend op 'n blou agtergrond uitgebeeld. Hierdie is 'n heenwysing na die Godheid van Yeshua.

Moses, Aäron en die priesters se tente was ook aan die Oostekant van die tabernakel, terwyl die drie families van die Leviete aan die oorblywende drie kante van die tabernakel hulle tente opgeslaan het. Dit was die drie seuns van Levi en hulle nageslag: Gerson aan die westekant, Kehat aan die suidekant en Merari aan die noordekant (Numeri 3). Soos reeds genoem was die taak van die Leviete om die tabernakel af te breek en te vervoer en weer op te slaan wanneer die volk kampeer. (Verwys Numeri hoofstuk 4).

Dit is steeds vandag YHVH se begeerte om in die midde van sy kinders en die gemeente (vergadering) te wees. YHVH is die Argitek en Bouer van die Tabernakel en kampuitleg. Net so moet Yeshua steeds vandag die Argitek en Bouer van die gemeente wees. As YHVH (Yeshua) die huis nie bou nie, tervergeefs werk die bouer wat daaraan bou (Ps. 127:1). Indien dit nie van YHVH afkomstig is nie, sal dit tot niet gaan. Hy wil die middelpunt wees van elke mens se lewe, asook van die gemeentelewe terwyl Yeshua steeds onder ons tabernakel (woon). Dit is elkeen se keuse of God toegelaat sal word om die middelpunt te wees.

Indien ons Levitikus hoofstukke 1 tot 4 lees, sien ons dus dat YHVH 'n God van orde is. Hy het die hemel en die aarde geskape uit dit wat woens, leeg en donker was (Gen. 1:2). Hy het die natuurwette en die geestelike wette daar gestel om orde te handhaaf. Daarom sien ons YHVH se organisasie struktuur in plek kom. Elkeen van die vergadering (gemeente) het gewet waar sy plek is en wat sy verantwoordelikheid is.

Die feit dat elke stam sy eie vaandel (identiteit) gehad het, is ook 'n herinnering dat ons nie eenders is nie, maar wel een (eensgesind) in Yeshua is. Israel het as 'n geordende eenheid van plek tot plek getrek, maar het altyd laer opgeslaan volgens hulle vaandels (Num. 2:34).

YHVH se regeringstruktuur is 'n teokrasie met die twaalf stamme en hul families as gesag-en leierstruktuur. Yeshua is Koning en Hoëprietser, asook die bevelvoerder van die 'weermag'. Die teokrasie in die Millennium sal weer volgens stamme en families wees. Verwys Open. 21:12. Die sensusopname bevestig ook die belangrikheid van stamme en families (gesinne) (Num. 1:1 tot 16). Daarom is die huwelik en die gesin wat volgens Torah funksioneer so belangrik vir 'n ordelike, suksesvolle en vreedsame samelewing. Wanneer dit verbrokkel, verbrokkel die samelewing!

### **Bepeins of Bespreek**

1. Is die feit dat die twaalf stamme elk sy eie vaandel gehad 'n aanmoediging (goedkeuring) van YHVH om ons eie kulturele identiteit te behou? Dink aan die veelkleurige kled van Josef (Gen. 37:3). Is daar nie ook 'n gevaar daarin om alles te wil ver-Hebreeus nie?
2. Is die twaalf stamme met hulle eie vaandels nie ook 'n heenwysing na die liggaam van Yeshua in die hernieude verbond nie? Verwys 1 Kor. 12:12 tot 31 – die liggaam is een, maar het verskillende lede. Onthou: *We play as individuals, but we win or loose as a team.*
3. Die liggaam (gemeente) van Yeshua is nie 'n demokrasie nie. En tog funksioneer talle gemeentes as 'n demokrasie wanneer die lidmate toegelaat word om oor 'n saak te stem. Is dit Skriftuurlik?
4. Hoekom moes Israel gereed wees om te veg indien YHVH die land aan hulle belowe het? Hoekom ondervind ons hartseer en pyn en moet hard werk hoewel ons die belofte van oorvloed lewe het (Joh. 10:10)? Maak die voorspoedleer nie van Vader-God 'n "wish granter en life coach" nie? Wat het geword van die lering dat ons in 'n oorlog betrokke is en dat daar gewondes en sterftes gaan wees? Is die geestelike leiers nog skaapherders of het hulle skaapskeerders geword?

### **Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)**

#### **Hosea 1:10 tot 2:22 – Nie meer volk nie, maar kind!**

Hosea wat se naam *Verlossing of Redding* beteken, het in die agste eeu voor Messias gelewe. Hy was 'n profeet van die Noordelike Koninkryk, naamlik van die huis van Efraim wat hulle gewaarsku het dat hulle weens rebellie en afgodery deur YHVH gestraf gaan word.

Hosea was een van die profete van ouds wie se persoonlike lewe, in opdrag van YHVH, 'n profetiese sinnebeeld moes wees van die afvalligheid van Israel en die gevolge daarvan. Daarom moes Hosea, in opdrag van YHVH, met 'n hoervrou trou (Hos. 1:2 en 3).

*Die eerste keer dat יהוה deur Hoshea gepraat het, het יהוה vir Hoshea gesê: "Gaan, vat vir jouself 'n vrou vanuit hoerery en kry kinders vanuit hoerery, want die land het blatante hoerery gepleeg, deur יהוה in die steek te laat." Hy het gegaan en Gomer, die dogter van Divlayim, gevat en sy het swanger geword en vir hom geboorte gegee aan 'n seun (PWL).*

Hosea se persoonlike lewe was daarom 'n sinnebeeld van:

- Die Huis van Efraim se rebellie teen YHVH deurdat hulle agter ander gode aangeloo het en word vergelyk met die van 'n ontroue eggenote wat hoereer.
- Die liefde en getrouheid van YHVH te midde van Efraim se geestelike hoerery. Soos Hosea sy ontroue vrou, Gomer, vrygekoop het van haar slawerny van owerspel, so sal YHVH vir Efraim vrykoop van geestelike slawerny en owerspel.

Die derde kind van Gomer, 'n seun, is in opdrag van YHVH, Lo-Ammi genoem, want het YHVH gesê: *julle is nie My volk nie, en Ek sal nie julle s'n wees nie* (Hos. 1:9). Die rede hiervoor was die Noordelike Koninkryk se afvalligheid. Maar dan begin ons Haftorah Skriflesing met hierdie woorde:

*Nogtans sal die getal van die seuns van Yisra'el soos die sand van die see wees, wat nie gemeet en nie getel kan word nie en in die plek waar vir hulle gesê word: "Julle is nie My volk nie," sal dit vir hulle gesê word: "Seuns van die lewende God."* Hos. 1:10 – PWL.

Hos. 1:9 en 10 is 'n bevestiging van YHVH se onbeskryflike liefde vir Israel. Selfs in tye wanneer YHVH Sy volk verwerp verander Sy ware liefde vir Sy volk nie! Hierdie liefde is uit menslike oogpunt onbegryplik! Dit kan die beste verstaan word in die lig daarvan dat YHVH het nie net liefde nie, nee, HY IS LIEFDE!! YHVH bly getrou aan Sy verbond al is die Huis van Juda en die Huis Efraim ontrou. YHVH se strafgerigte teen Israel geskied nie uit haat nie, maar uit liefde wat straf noodsaak wanneer die oproep tot bekering verontagsaam word.

*Ek sal haar straf vir die dae van die Ba'als, toe sy offers aan hulle geoffer het en haar met haar ooringe en juweliersware versier en agter haar minnaars aangeloo het sodat sy My vergeet het," verklaar יהוה.* Hos. 2:13 – PWL.

YHVH se liefde word verder openbaar deur die profetiese woorde van Hosea:

*"Let daarom op, Ek sal haar lok, haar in die woestyn inbring en sagkens met haar praat, dan sal Ek haar wingerde daarvandaan gee en die vallei van Akhor as 'n deur van versekerde verwagting en sy sal daar sing soos in die dae van haar jeug, soos op die dag toe sy uit die land van Mitzrayim opgekom het. In daardie dag sal dit wees," verklaar יהוה, "dat jy My, Ishi (my Man), sal noem, en My nie langer Ba'ali, (my Meester), noem nie, want Ek sal die name van die Ba'als uit haar mond verwyder sodat hulle nie meer by hul naam genoem sal word nie.* Hos. 2:14 tot 17 – PWL.

Ons Haftorah bevat nie net die geskiedkundige gebeure van hoe Efraim afvallig geword het en uiteindelik teruggekeer tot Torah-gehoorsaamheid nie! Nee, dit is ook profeties van wat huidige gebeur, naamlik die terugkeer van die 'verlore ('versteekte') stamme' van die Huis van Efraim wat terugkeer tot vertrou in Yeshua en 'n geloofslewe van gehoorsaamheid aan Torah.

*Ek sal jou vir ewig aan My verloof; ja, Ek sal jou aan My verloof in onpartydige opregtheid en in regverdige oordeel, in liefdevolle goedheid en in omgee en Ek sal jou aan My verloof in vertrouenswaardigheid; dan sal jy יהוה ken.* Hos. 2:19 en 20 – PWL.

Dit herinner ons aan die woorde van Paulus in Rom. 9:22 tot 26:

*As God Sy woede wou wys en Sy mag bekend maak, het Hy baie geduld getoon in woede teen houers van woede wat volmaak gemaak is vir die vernietiging en Sy liefde loop oor op die voorwerpe van omgee wat voorberei is vir Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid, vir ons wat Hy geroep het, nie alleen uit die Jode nie, maar ook uit die ander nasies. Net soos dit ook in Hoshea sê: “Ek sal die wat nie My volk was nie: ‘My volk’ noem en vir wie nie liefde gegee is nie: ‘jy wat Ek liefhet’ en in die plek waar hulle nie ‘My volk’ genoem is nie, daar sal hulle genoem word ‘kinders van die lewende God’ (PWL).*

Ons as die wilde olyftak wat ingeplant is op die mak olyfboom (Rom. 11:17 tot 24) word ook genoem *kinders van die lewende God!* Maar om ingeplant te kan word, vereis vertroue in Yeshua as die Messias en gehoorsaamheid aan Vader se Torah!

### **Bepeins of Bespreek**

1. Wat was die hoofsaak van die profete in die ou verbond en hoe vergelyk dit met hedendaagse profete? Onthou: Die profetiese boodskap van die profete wat YHVH gestuur het, het die volgende elemente bevat:
  - ‘n Oproep tot bekering, naamlik vergifnis vra vir oortreding van Torah en ‘n oproep tot Torah-gehoorsaamheid.
  - ‘n Waarsegging van die onmiddellike gevolge indien daar nie aan die oproep gehoor gegee word nie.
  - ‘n Waarsegging van die langtermyn gevolge van hardnekkige ongehoorsaamheid.
2. *YHVH’s Word demands that humans conform their lives and thoughts to his Word, not conform his Word to their lifestyles and thoughts. To do so is to succumb to the lies of the devil, which is the spirit of humanism. Satan and his philosophies combine to become the arch foe of YHVH’s truth, plans and purposes. This same spirit originated at the Tree of Knowledge in the Garden of Eden when the serpent twisted the Word of Elohim and tricked man into believing the lie!* (Nathan Lawrence, parashah Bemidbar – [www.HoshanaRabbah.org](http://www.HoshanaRabbah.org))

-0-0-0-0-0-0-0-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shalomgroete tot volgende keer.

Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*